Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V2 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die nommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Gedigte | (30) |
   | AFDELING B: | Roman/Prosa | (25) |
   | AFDELING C: | Drama | (25) |

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN C (DRAMA)

   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200–250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 350–400 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. *Mercedesrit in die aand* | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. *Boggomsbaai-blues* | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. *Vroegherfs* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. *Ek wil* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. *'n Trossie pers Genade* | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Droomdelwers* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Droomdelwers* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8. *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 6–7 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- of kontekstuele vraag) | 8–9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Mercedesrit in die aand – Willem Krog**

Sit hulle met monde moeg gesluit
yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
die executives van die stad wat huis toe gaan

Skaduweekinders gly verby
Stukkende bedelvaandels wapper wanhopig
In die swartpad op soek na kos en kleed

Die vaartuig blink in ster geklink
sagte leer omhul die stuurman aan die wiel
betaal uit opbrengs van die slawemaal

yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
sit hulle met monde moeg gesluit
die executives van die stad wat huis toe gaan

[Bron: *Assignaat,* 2004]

Die verskil in die sosio-ekonomiese status van die Suid-Afrikaanse bevolking word in *Mercedesrit in die aand* aangespreek en die gebruik van beeldspraak, stylfigure en halfrym ondersteun hierdie uitbeelding.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 200–250 woorde. **[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Boggomsbaai-*blues* – Pirow Bekker**

Bog met die *blues*, dis agter die duin:
almal ry hier op die golwe se kruin.

Niemand skree boggom oor 'n donker jas,
hier sing jy 'n ding totdat dit jou pas.

Eintlik is die dood jou beste pel:
bly jou lewe lank jou metgesel.

Waar jy ook al gaan, hy bly by jou,
druk op sy nommer en hy's gou soos nou.

Jy kan maar aanjaag, hy's daarvoor gebou.
Raak jy dalk eensaam, hy is daar vir jou.

Die beste nog: vergeet maar die gekwel:
Verstoot sal hy jou nooit, sy hart is 'n hotel.

[Bron: *Stillerlewe,* 2002]

2.1 Verklaar hoe die gedigtitel by die inhoud van die strofe 1 aansluit. (1)

2.2 Haal TWEE woorde uit strofe 1 aan wat by dié spesifieke milieu aansluit. (1)

2.3 Benoem die stylfiguur in versreël 3 en motiveer of die gebruik daarvan geslaagd is, al dan nie. (2)

2.4 Verduidelik die informele taalgebruik in versreël 5. (1)

2.5 Watter beeldspraak kom in versreël 12 voor? Spreek jou uit oor die gepastheid van dié beeld. (2)

2.6 Herlees versreëls 1–12.

2.6.1 Benoem die rymskema en strofebou onderskeidelik. (2)

2.6.2 Dui ook aan hoe die rymskema en strofebou die tema van die gedig ondersteun. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vroegherfs – Joan Hambidge**

Die jaar word ryp in wrede ontnugtering,
in woede wat verkil, en bitter idees
wat daglank deur my nuwe minagting
uitgespoel word; alle idees word reëls,
tot selfs die slustes; en die eers beelde val
so stilweg in my donker depressiewe drome uit
sodat die dendriete in my brein al
teen elke ligte môre ooreis, ópspruit.
O muses, laat hierdie dae nooit verbygaan:
laat alles val wat poësie of stilte verbreek
of cliché is, en vér was van die pyn;
laat ryp word, muses, laat jul verwoesting nimmer taan,
vir ewig, tot al my demone afgebreek
word in relevante, tydgebonde **skyn**.

[Bron: *Bitterlemoene,*1986]

3.1 Die titel skep 'n bepaalde verwagting by die leser. Dink jy die gedig voldoen aan hierdie verwagting? Motiveer jou antwoord. (2)

3.2 Waarom word die emosie wat die digter in versreël 1 ervaar nodig geag? (1)

3.3 Waartoe dra die enjambement in versreël 2–4 by? (1)

3.4 Uiterlike bou.

3.4.1 Met watter tipe gedig het ons hier te doen? (1)

3.4.2 Dui die rympatroon van versreël 5–8 aan. (1)

3.4.3 Benoem die eindrym van versreël 5–8. (1)

3.5 Waarin lê die ironie in versreël 9 opgesluit? (1)

3.6 Verduidelik die dubbelsinnigheid in die vetgedrukte woord in versreël 14. (2)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Ek wil – Willem Fransman**

Ek wil'ie fênsie poetry skryf'ie
Oekie special expressions gebrykie
Net skryfe in my Taal
Soos o'se mênse 'it praat!

Roep't wat djy wil, but o's call 'it
Streetpoetry en ek sê soema:
Straatpraat of Township Afrikaans

Ek wil skryf
    van o'se feelings
    van o'se fears
    van o'se joys
    van o'se sadness
    van o'se frustrations
    van o'se ambitions
In o'se Township Afrikaans

Ek wil't skryf
    vi o'se oue's
    vi o'se suste's en broe's
    vi o'se kinnes
    vi o'se bra'se
    vi o'se Communities
    oek vi o'se Non Black Vrinne ...
Soelat ammal my kan verstaan en 't kan enjoy

Soe, as djy nie O'se taal ve'staan nie,
En djy djou upstairs wil hou
Oo'djou grênd Ofrikôns:
Dan sê o's poelitely:
Vra net die meaning van 'n wid
Soe nie, dan tatta djy an
But moet'ie vi' o's kom djudge 'ie
Cause o's skryf Afrikaans soes
O's 'it innie Townships praat

[Bron: *Klippe gloe nie in democracy*]

4.1 Wie is die aangesprokene in hierdie gedig? (1)

4.2 Watter oogmerk het die spreker volgens strofe 1? (1)

4.3 Wat noem ons die gebruik van 'n ander teks binne 'n gedig? Verduidelik die ironie hiervan in dié gebruik daarvan in versreël 1. (2)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

4.4 Gee ŉ rede vir die hooflettergebruik in versreël 3 en haal twee opeenvolgende woorde uit strofe 2 aan wat by hierdie tipe taal pas. (2)

4.5 Hoe word die los woorde en idees in strofe 3 en 4 gebind? (1)

4.6 Herlees versreël 31–32.

4.6.1 Watter TWEE kwessies word in die versreëls aangespreek? (2)

4.6.2 Dui ook hoe hierdie twee kwessies by die tema van die gedig aansluit. (1)

**[10]**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n Trossie pers Genade – Christo du Plessis**

Ek bly in die middestad
van Pretoria op die tweede vloer
tussen motor-getoet
en die verkeer se lawaai
waar misdaad hoogty vier
en die dwelmsmouse konings kraai...

- Maar voor die venster
van my karig gemeubileerde
kamer met die gekraakte ruit
hang ’n trossie pers Genade

Want die Jakarandas blom!

[Bron*: Vir vanaand sal ek net jou hand vashou*]

5.1 Benoem die beeldspraak in die titel en dui aan hoe die titel met die inhoud van die gedig skakel. (2)

5.2 Wat noem ons ’n strofe soos strofe 1? (1)

5.3 Motiveer waarom dit korrek is om te sê enjambement kom hoofsaaklik in strofe 1 voor en spreek jou uit oor die funksionaliteit daarvan. (2)

5.4 Haal die versreël aan waar die wending in die gedig voorkom. (1)

5.5 Herlees Strofe 2.

5.5.1 Haal TWEE woorde aan wat aansluit by die tema dat die slegte elke dag deel is van ons pad, maar dat die mooi tog ook seëvier. (2)

5.5.2 Dui die stemming van dié strofe aan. (1)

5.6 Hoekom staan die slotstrofe alleen? Noem EEN rede. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag.

### *DROOMDELWERS* – Esta Steyn

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DROOMDELWERS* – OPSTELVRAAG

Karakters in ŉ roman beïnvloed mekaar positief of negatief. So het die Redelinghuyse en die Bonthuyse ook vir Leendra beïnvloed.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Boeta kom terug van die pakkamer af en haal twee blikkies Coke uit die yskas. Hy gee een vir haar en gaan sit op ŉ koeldrankkis. Sy trek ŉ bankie nader en kom sit by hom. Hy kyk haar afwagtend aan. “En wat het Sielie gesê toe sy jou sien? Ken sy vir jou?”

“Ek dink sy ken my.”

“Ek het haar baie vertel van jou.” Sy stem kom stadig. Nou is sy verbaas dat hy tog soveel te sê het. “Nee, Leentjies.” Hy stoot lug oor sy lippe. “Sy’t nooit groot geword nie. Sy’t op elf jaar loop vassteek. Haar tong ook. Op daai dag. Ek wonder nog altyd ...” Hy bly stil.

“Wat, Boeta?” moedig sy hom aan.

“Ma...Ma glo vas dat Sielie nooit weer gaan regkom nie.” Hy knak sy Cokeblikkie oop. “Die ontploffing ... het haar hele lewe uit mekaar uit geruk ... die hele huis ... haar ma, haar pa. En toe nog die skietery. Als op een dag.” Hy vryf bewoë met sy groot hande oor sy oë.

“Boeta,” sê sy sag, “weet jy dat ek bly was dat ma-hulle nooit geweet het van die ... van wat ek gedoen het nie. Dat dit hulle gespaar gebly het.”

Hy snuif. “Ma sê ons moenie bly karring aan die dinge van die Kleinkloof nie.”

“Nee, Boeta. Ek sal nie ophou karring tot ek weet wat daardie middag gebeur het nie. En wat Gilbert Redelinghuys daarmee te doen gehad het nie.”

“Los dit liewer, Leentjies.”

“Ek kan nie! Ek haat hom vandag niks minder as daardie tyd nie.”

Hy kyk haar lank aan. “Hy was mal oor jou! Almal het dit geweet.”

“Mal, ja. Mal van jaloesie. As ek daardie dag weer kon oorkry, as ek elke oomblik weer kon oorlééf, dan sou ek hom weer wou skiet.”

7.1 Motiveer waarom die alomteenwoordige verteller in reël 1–3 ŉ beter keuse as die eerstepersoonsverteller is. (1)

7.2 Herlees reël 3–4.

7.2.1 Waarom was dit nodig vir Boeta om dié vrae te vra as ons Leendra en Sielie se verwantskap in ag neem? (2)

7.2.2 Wat is die verwantskap tussen Sielie en Leendra? (1)

7.3 Noem enige VIER geheime wat Sielie hou. (4)

7.4 Hoe beïnvloed Boeta se handeling in versreël 7 die stemming wat in reël 3–6 heers? (1)

7.5 Herlees reël 17.

Watter invloed het hierdie ruimte uiteindelik op Leendra en Samuel se verhouding? (1)

7.6 Herlees reël 19–21.

7.6.1 Watter tipe konflik ervaar Leendra hier? (1)

7.6.2 Word Leendra se konflik uiteindelik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

7.7 Motiveer of die hiperbool in reël 25 funksioneel is. (1)

**TEKS B**

Mario en Samuel sit vir middagete aan saam met Minette, Rudi en Gilbert.
Soos dikwels op ŉ Maandag is die eetsaal stil.
Samuel neem ŉ sluk wyn. "Voordat ons die volume van die afsetting kan bepaal, sal daar ŉ groot blok uit die kop gehaal word wat in die Kaap getoets en gepoleer sal word."
"What we normally do," vervolg Mario, "is to send a block to Italy, to show in Carara. The analyses of a price for a spesific product is influenced by carcity, the size of the block, homegenity, texture and colour of the rock."
Daar is ŉ pouse. Gilbert kyk wantrouig van Mario na Samuel. "Waaroor gaan dit nou eintlik?"
"Ons wil onderhandel oor ŉ prospekteerpermit," sê Samuel.
Minette kyk vlugtig na Rudi en frons. Mario leun vooroor. "I've been to the Department of Land Affairs and also to the office of Mineral and Energy ..."
Hy haal ŉ brief uit sy aktetas en gee dit vir Rudi. "It seems that many years ago your grandfather signed away his mineral rights to the father of the woman he wanted to marry ..."
"Wat?! Is dit alweer oupagrootjie?" vra Gilbert verbaas.
Mario glimlag. "I have a great respect for the man. He must have been quite a gentleman ..."
"Wat net nonsens aanjaag," sê Gilbert.

7.8 Samuel van der Sand, Rebekka Cupido en Mario Martinelli staan bekend as 'inkommers' wat ŉ sentrale rol in die roman speel. Watter rol speel elkeen van die karakters in die roman? (3)

Kopiereg voorbehou 

7.9 Herlees reëls 4–9.

Wat hét Mario en Samuel uit die kop gehaal en hoe sluit die naam daarvan by een van die temas van die roman aan? (2)

7.10 Is dit regverdig om te sê dat Gilbert disrespekvol teenoor sy oupagrootjie optree? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.11 Die Vlaktevleiers gaan nou 'n beter toekoms hê. Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord. (2)

7.12 Watter karaktereienskap van Mario Martinelli kan ons in versreël 19–20 aflei en hoe verskil Mario se gemoedstoestand van Leendra s'n in TEKS A reël 25–26? (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag.

### *MY JAPAN* – Schalk Schoombee

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MY JAPAN* – OPSTELVRAAG

*My Japan* moet teen die agtergrond van 'n droomstruktuur gesien word en is dan ook die gevolg van Ilse en Elzette se buitestanderskap.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

*Die lig verander. Tradisionele Japanese musiek speel, rustig en strelend. Ilse staan op en beweeg na links na haar plek, "Japan".*

ILSE: My naam is Amaja. "Nagreën" in Japannees. My pa is Marioka San. Hy is 'n kalligraaf, 'n meester van die kwas. Hy skryf met ink en waterverf op ryspapier, fyn soos 'n skilder. O so geduldig, presies, sonder om 'n druppel te mors. My ma is Jun. Dit beteken "gehoorsaam". Sy leer my om eerbied te wys aan Marioka San.

*Terwyl Ilse praat, sien ons Marioka San wat plat gaan sit en met 'n kwas Japanese simbole skilder op groot velle papier.*

*Jun kom op met delikate teegoed wat sy voor hom dek. Ilse gaan sit by hulle. Jun skink tee in die koppies, 'n hele ritueel. Hulle drink tee. Marioka San en Jun is tradisioneel geklee.*

ILSE: Dis mooi hier, ver van die groot stad Tokio. Ek woon in Naka, 'n piepklein bergdorpie in die Tokusjina-provinsie aan die Ooskus. Hier's minder as 3 000 mense. Ek loop oor 'n houtbrug en 'n helder rivier vol visse skool toe. Een keer het 'n storm die brug weggespoel, seker Akashita se handewerk. Ons woon tussen twee hoë berge soos draketande en sien die son net vir 'n paar ure elke dag wanneer dit daar bo in die hemel sit soos 'n goue oog.

Kopiereg voorbehou 

MA: *(af)* Ilse!

ILSE: (*gesteurd)* Ruik die lente! Kersiebloeisels vol in die bome. Ons huis ruik soet van takkies wat in klein vase rangskik is.

MA: *(af)* Gaan jy nie opstaan nie? Jy begin vandag rekord skryf!

ILSE: Marioka San het my geleer om kalligrafie te doen. Jou gewrig moet soepel wees en jou vingers lig en sterk.

9.1 Herlees reël 1–4.

9.1.1 Die leser kom hier agter dat die ruimte in dié toneel verander. Bewys of weerlê die stelling. (1)

9.1.2 Hoe onderstreep die kursiefgedrukte gedrukte gedeelte die verandering van die ruimte? (1)

9.1.3 Waarom verplaas Ilse haar na dié spesifieke ruimte? Gee TWEE moontlike redes. (2)

9.2 Kan ons sê TEKS C onderstreep die titel van die drama? Motiveer jou antwoord. (1)

9.3 In versreël 5 word na Ilse verwys as Amaja, maar in die afloop van die drama kom Ilse tot die insig dat sy nie meer Amaja is nie. Noem nog DRIE ander gevolgtrekkings waartoe Ilse aan die einde van die drama gekom het. (3)

9.4 Is Ilse se beskrywing van die ruimte in reël 19–22 realisties? (1)

9.5 Wat word die kursiefgedrukte gedeelte in reël 29 genoem? Sê ook wat die funksie van dié kursiefgedrukte woorde is. (2)

9.6 Noem die kontrasterende stemminge wat in reëls 28–35 geskep word. (2)

**TEKS D**

MA: *(af)* Daaaanie!

ILSE: Nee, nee, NEE! Ek het niks daarmee ... Hy't self die hekkie oopgemaak, altyd orig, self in daai stormwaterpyp gaan infoeter. Seker bang vir die weerlig. Hoe kan dit my skuld wees? (*sy onderduk 'n snik*) Ek was so vaak gelees, Mamma.

*Die wind bewaar. Ilse staan op en beweeg stadig na haar Japan.*

ILSE: Miskien liewer ... ja ... liewer ʼn Japannese spookstorie!

*Ma klop aan die kamerdeur.*

MA: Huiswerk of Sims jy, Ilse?

ILSE: Ek speel lankal nie meer Sims nie, Ma. Kom tog in.

MA: Ons het Tshwane se rekening gekry. Groot geld.

ILSE: Waaroor nou weer?

MA: Om Pretorianers te paai oor straatname wat verander.

ILSE: Ek gee nie juis om of dit Tshwane of Pretoria is nie. Laat my dink aan ... Tokio.

MA: Dan het jy seker weer met Engela geskype.

ILSE: (*botter smelt nie*) Hoe't Ma geweet?

MA: My liewe broerskind smokkel met jou kop. Moenie jou drome uitverkoop nie.

ILSE: (*liefies*) Ag dankie, Moeksie. Sulke goeie raad. Verstaan ek reg? Ek mag maar my eie drome droom en niemand toelaat om in my pad te staan nie?

MA: (*moeg, weet wat kom*) Ja, ja. Jy maak wat jy wil, al sê ek wat. Al vra ek mooi, al smeek ek.

ILSE: Moet asseblief nie smeek nie. Dit pas ma nie. Probeer eerder boelie, *nag* en wat van ʼn bietjie emosionele afpersing?

MA: Wanneer het jy my so begin haat, Ilse?

ILSE: Hier gaan ons.

9.7 In reël 2 word daar gebruik gemaak van herhaling. Wat is die funksie daarvan? (1)

9.8 Daar is duidelike spanning tussen Ilse en haar ma. Wat is die hoofoorsaak van die innerlike konflik by beide karakters? Die innerlike konflik verander mettertyd in uiterlike konflik. Noem enige TWEE voorbeelde. (3)

9.9 In reël 2–6 kom Ilse tot ʼn gevolgtrekking wat haar hele lewe sou verander. Tot watter besef kom Ilse en is dit regverdig om te sê dat haar ma verantwoordelik vir die innerlike worsteling was? Motiveer. (2)

Kopiereg voorbehou 

9.10 Herlees reël 14.

Dui aan watter karaktereienskap ons van ma kan aflei. (1)

9.11 Is dit geregverdig om te sê dat Ma en Ilse wel aan die einde van die drama hulle probleme opgelos het? Motiveer jou antwoord. Het hierdie handeling van hulle wel ʼn invloed op hul verhouding gehad? Motiveer jou antwoord. (3)

9.12 Herlees TEKS C reëls 28–35 en TEKS D reëls 12–19. Motiveer uit beide tekste dat Ilse en haar ma nie baie goed met mekaar kon kommunikeer nie. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS HUISTAAL V2 NASIENRIGLYN (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. As ŉ kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As ŉ kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As ŉ kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die **tweede antwoord word geïgnoreer**. As ŉ kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As ŉ kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

   As ŉ spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

6. *Literêre opstel*:
   As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/vakhoof. Die nasienriglyn is slegs ŉ riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die literêre opstelle na te sien.

7. *Kontekstuele vrae*:
   As ŉ kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ŉ vraag dit vereis nie, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

8. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

9. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

10. Sien **betekenis** na en nie **woorde** nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**Mercedesrit in die aand – Willem Krog**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

LET WEL:
- **Dis ŉ breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- Die gebruik van die m-alliterasie in *versreël 1 "**m**et **m**onde **m**oeg gesluit"* beklemtoon die onbetrokkenheid van die hooggeplaastes by die armoede in die straat.
- Die verwysing in *versreël 2 na "enkel weerkaatsing"* suggereer dat die sakemanne alleen reis terwyl die werkersklas moet saambondel in treine, taxi's of busse.
- Die verwysing na *"yl"* in *versreël 2* suggereer dat die sakemanne min beteken vir die sukkelende samelewing.
- Reeds in strofe 1 word daar gepraat van die hooggeplaaste amptenare wat ŉ beter sosio-ekonomiese status aandui – *versreël 3 "die executives van die stad".*
- Daar is a-assonansie in *versreël 2* "*weerkaatsing" en in versreël 3 "gaan"* en dit beklemtoon die afstand tussen die sakemanne en die bedelaars.

- In strofe 2 kry ons die beeld van armoede wat heers – *versreël 4 "Skaduweekinders"*
- ŉ Verdere aanduiding van armoede is in *versreël 5 "stukkende bedelvaandels"*
- Die spreker spreek kritiek uit op diegene wat in hul rykdom floreer terwyl die w-alliterasie in *versreël 5 "wapper wanhopig"* die armoede verder uitlig.
- In *versreël 6 "in die swart pad"* word daar gesuggereer dat die mense dakloos is.
- Die wanhopige prentjie word verder onderstreep deur die gebruik van die k-alliterasie in *versreël 6 "op soek na **k**os en **k**leed".*

- Daarteenoor word die verskil in sosio-ekonomiese status in strofe 3 beklemtoon deur die luukse vaartuig te beskryf – *versreël 7 "vaartuig blink".*
- Die "vaar" in *"vaartuig" in versreël 7 suggereer* spoed terwyl dit ook dui op sukses wat weer eens die verskil in sosio-ekonomiese verskille beklemtoon.
- Nie net is die motor volgens *versreël* 8 met *"sagte leer"* beklee nie, wat die bestuurder teen die elemente beskerm nie, maar hy is ook goed geklee.
- Die *"sagte leer"* dui op die gemak waarin die bestuurder sit teenoor die bedelaars wat blootgestel is aan die wind en die weer.
- *Versreël* 9 suggereer dat die rykes baat uit die werk van die laagbesoldigde werkers.
- In *versreël* 10 is daar herhaling van die woord *"yl"* om die gebrek aan meegevoel te beklemtoon.
- In *versreël* 11 word die m-alliterasie *"**m**et **m**onde **m**oeg gesluit"* herhaal om die ryker mense/hooggeplaastes se onbetrokkenheid by die bedelaars / ellende te beklemtoon.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG – Boggomsbaai-*blues* – Pirow Bekker

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Die titel is Boggomsbaai-*blues* en in strofe 1 word die woord blues gebruik wat met hartseer / depressie / blues-musiek verband hou. / Die spreker wil in strofe 1 oordra dat dit onsinnig / simpel is om depressief te wees wat dan aansluit by *bog* en *blues* in die titel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan*. | | 1 |
| 2.2 | Duin en Golwe √<br><br>*Kandidaat dui beide woorde vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 2.3 | Klanknabootsing / Onomatopee √<br><br>Dit is geslaagd, want dit dui hier op die uitkoggel van iemand. Dit is geslaagd, want dit hou verband met die gedigtetitel./ Dit is geslaagd, want dit beklemtoon die ironiese / speelse toon van die gedig. √<br><br>*Die kandidaat kan nie "nie geslaagd" as 'n antwoord aanbied nie. Om 'n punt te verdien, MOET die kandidaat sê of dit geslaagd is al dan nie.* | | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Die woord 'pel' onderstreep die speelse element in die gedig. √ | | 1 |
| 2.5 | Metafoor √<br><br>Dit is gepas, want die dood sal altyd vir jou plek hê net soos 'n hotel. √ | | 1<br><br>1 |
| 2.6 | 2.6.1 | Rymskema – paarrym √<br>Strofebou – koeplet √ | 1<br>1 |
| | 2.6.2 | Dit pas by die uiterlike bou aangesien beide op twee dui wat dan 'n paar is / die dood is altyd saam met jou. √ | 1 |
| | | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG – Vroegherfs – Joan Hambidge

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Nee, die leser verwag om van die vroeë herfs te lees, √ maar hier handel dit oor wat in die gemoed van die spreker gebeur. √<br><br>*Die kandidaat kan nie "ja" as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat se antwoord moet by die verwagting en die inhoud van die gedig uitkom.* | | 1<br>1 |
| 3.2 | Dit is die bron van poësie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan*. | | 1 |
| 3.3 | Die enjambement dui op die deurlopende gedagteproses. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan*. | | 1 |
| 3.4 | 3.4.1 | Sonnet √ | 1 |
| | 3.4.2 | abba √<br><br>*Die kandidaat moet die patroon aandui.* | 1 |
| | 3.4.3 | Kruisrym √ | 1 |
| 3.5 | Die kunstenaar beleef soveel smart, maar wil hê dit moet aanhou./<br>Die muses se werk word as 'verwoesting' uitgebeeld, maar tog vra sy dat dit nooit moet weggaan of verswak nie. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aandui*. | | 1 |
| 3.6 | "Skyn" dui op om lig te bring √ sowel as om voor te gee. √ | | 2 |
| | | | **[10]** |

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG – Ek wil – Willem Fransman

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Die spreker spreek die mense aan wat nie Township Afrikaans praat nie / mense wat daarop neersien. √ | | 1 |
| 4.2 | Die spreker wil poësie toeganklik maak vir alle mense. / Hy wil nie deftige poësie skryf nie, maar net in Township Afrikaans soos sy mense dit praat. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | | 1 |
| 4.3 | Interteks √<br><br>Die spreker wil niks te doen hê met Antjie Krog se Afrikaans nie, maar tog gebruik hy haar woorde. √<br><br>*Die kandidaat bied BEIDE kante van die ironie vir EEN punt aan.* | | 1<br><br>1 |
| 4.4 | Dit beklemtoon die spreker se agting/respek vir sy moedertaal. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan*.<br><br>"Township Afrikaans" √ | | 1<br><br>1 |
| 4.5 | Deur middel van enjambement. √ | | 1 |
| 4.6 | 4.6.1 | Die kwessies van identiteit √ en menswaardigheid. √ Jou manier van praat. | 2 |
| | 4.6.2 | Elke mens het die reg op sy eie manier van praat. / gee identiteit aan jou. √ | 1 |
| | | | **[10]** |

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG – 'n Trossie pers Genade – Christo du Plessis

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Metafoor √<br><br>Die titel is 'n *Trossie pers Genade* en die gedig handel oor die genade wat ons elke dag in die vorm van iets eenvoudigs soos jakarandas ontvang. √<br><br>*Die kandidaat moet by die metafoor in die gedig uitkom*. | | 1<br><br><br>1 |
| 5.2 | Se(k)stet √ | | 1 |
| 5.3 | Die versreëls gaan oor in die volgende sonder die gebruik van lees-tekens. √<br><br>Dit beklemtoon die besige/woelige/genadelose stadslewe. √ | | 1<br><br>1 |
| 5.4 | "- Maar voor die venster" √<br><br>*Kandidaat moet die versreël aanhaal en* ***nie*** *die reël neerskryf* ***nie*** | | 1 |
| 5.5 | 5.5.1 | "karig" / "gekraakte" √ (slegte)<br>"trossie" √ (mooi)<br><br>D*ie twee antwoorde staan los van mekaar*. | 1<br>1 |
| | 5.5.2 | Optimisme / Hoopvolle / Positiewe stemming √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| 5.6 | Dit beklemtoon dat die mooi altyd daar sal wees. / ten spyte van die slegte is daar altyd die goeie / hoop. √<br><br>*Die kandidaat moet sê WAT beklemtoon word.* | | 1 |
| | | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: OPSTELVRAAG

***DROOMDELWERS*** **– Esta Steyn**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis ʼn breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ʼn gepaste inleiding aan.

**Rudi Redelinghuys het ʼn negatiewe invloed op Leendra:**

- sy ervaar spanning en angs as sy onthou dat sy vir Ferdinand in die hotel doodgeskiet het.
- omdat dit haar aan haar slegte verlede herinner waar sy van diefstal beskuldig is.
- aangesien sy vriende gemaak het met die Vlaktevleiers wat hy nou wil ontwortel om ʼn vakansie-oord te bou, is sy nou deel van hulle stryd.

**Minette Redelinghuys het ʼn negatiewe uitwerking op Leendra:**

- want sy beskuldig haar van diefstal en veroorsaak sodoende dat sy in die tronk beland waar sy emosioneel baie swaar gekry het.
- want sy jok in die hof en vorm ʼn verenigde front saam met Gilbert om haar skuldigbevinding te verseker. Dit neem haar weg van Sielie en laat haar "wees".
- want sy veroorsaak haatgevoelens by Leendra omdat sy nie in die tronk na die waarheid oor haar ouers se dood kan soek nie.
- want Minette staan in Leendra se pad om heel te word na haar ouers se dood.
- omdat Minette haar nie na haar vrylating in die hotel wil toelaat nie. Sodoende kry sy nie vrede met dit wat daar gebeur het nie.
- Sy veroorsaak dat Leendra van haar suster geskei word en nie met haar kan kontak maak nie. Dit laat Leendra bekommerd en alleen agter.

**Gilbert Redelinghuys is ʼn negatiewe invloed op Leendra:**

- want hy pers Leendra af om saam met hom partytjie toe te gaan sodat sy dan eers die waarheid oor die diefstal by hom kan hoor. Dit bring Leendra in konflik met hom en met haarself.
- omdat hy wrywing tussen Sielie en Leendra veroorsaak, want Sielie wou die geld vir die roomys aanvaar het wat Gilbert vir haar wou gee.
- omdat hy Sielie wegstamp toe sy aan die Porsche wou vat. Dit laat Leendra weer met die ou wrewel.

**Patti Redelinghuys het ook ʼn negatiewe invloed op Leendra:**

- omdat sy agterdog by Leendra saai. Haar flankering met Samuel van der Sandt laat dit lyk of daar ʼn verhouding tussen hulle is.

**Oom Bontie Bonthuys het ŉ positiewe uitwerking op Leendra:**

- omdat hy ŉ vaderfiguur vir Leendra is en praat haar moed in as sy wil tou opgooi omdat sy nie antwoorde oor die verlede kry nie.
- want hy speel ŉ ondersteunende rol, omdat Leendra hom as iemand sien wat haar kan help om die vrae oor die gasontploffing op te los.
- want hy is ŉ tussenganger tussen Leendra se verlede en toekoms. Hy gee vir haar die naam van die prokureur wat met haar pa se boedel gewerk het.
- omdat hy haar vertroueling is, want sy gee vir oom Bontie die dokumente oor die boedel wat sy uit Phil se kluis gekry het.
- want hy moedig Leendra aan om antwoorde op haar ouers se dood te kry. Alleen dan sal sy vry wees.

**Sweetie Bonthuys ïnspireer Leendra op ŉ positiewe manier:**

- omdat sy vir Leendra in die tronk skryf en tree so op as die moederfiguur wat Leendra mis.
- sy hou Leendra teen haar bors, toe sy vir die eerste keer uit die tronk kom en haar weer sien. Leendra voel tuis en geliefd.

**Boeta Bonthuys lewer ŉ positiewe bydrae:**

- omdat hy optree as Sielie se beskermer en dit gee vir Leendra gemoedsrus.
- want hy het vir Sielie die hele tyd van Leendra vertel terwyl sy in die tronk was om sodoende haar ŉ werklikheid vir Sielie te hou.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

## VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Die ruimte word uit 'n objektiewe oogpunt beskryf. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.*<br>*Waak egter teen generiese antwoorde. Die kandidaat moet die antwoord van toepassing maak op die spesifieke reëls.* | | 1 |
| 7.2 | 7.2.1 | Leendra was vir 7 jaar in die gevangenis √ en Sielie het geen kontak met Leendra in daardie tyd gehad nie. √ | 1<br>1 |
| | 7.2.2 | Hulle is susters. √ | 1 |
| 7.3 | Sielie weet wie verantwoordelik vir die gasontploffing was. √<br>Sielie weet hoe haar ouers vermoor is. √<br>Sielie weet waar die appelkooskleurige graniet is. √<br>Sielie weet wat met Koster Kaaiman gebeur het.√ | | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.4 | Die gemoedelike/gemeensame/ontspanne stemming verander na 'n hartseer/gespanne atmosfeer. √<br><br>*Die kandidaat moet noem hoe die atmosfeer was en hoe dit nou is vir EEN punt.* | | 1 |
| 7.5 | Dit bring Leendra en Samuel bymekaar (want hy ontdek die graniet daar en hulle vernoem dit na haar.) √ | | 1 |
| 7.6 | 7.6.1 | Innerlike konflik √ | 1 |
| | 7.6.2 | Ja, die konflik word opgelos, want Leendra vind uit wie vir haar ouers se dood verantwoordelik was. √<br>Leendra se konflik met Samuel word opgelos, want hulle trou. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE noem vir 'n punt elk.* | 1<br>1 |
| 7.7 | Ja, want dit beklemtoon hoe fanaties Gilbert oor Leendra was. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui of dit funksioneel is.*<br>*Die kandidaat moet noem WAT beklemtoon word.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n nee-antwoord aanbied nie.* | | 1 |
| 7.8 | Samuel van der Sandt – Geoloog op soek na graniet / raak verlief op Leendra. √<br>Rebekka Cupido – Raak verlief op pastoor Gerald Killian. √<br>Mario Martinelli – Vennoot van Samuel van der Sandt / raak verlief op Gretel Grossman./ Bied uitkoms vir die Vlaktevleiers. √ | | 1<br>1<br>1 |
| 7.9. | Graniet √<br><br>Elke mens moet bly streef na die vryheid wat hy verdien. √ | | 1<br><br>1 |
| 7.10 | Ja, want Gilbert suggereer met sy woorde dat sy oupagrootjie verkeerd was deur Vlaktevlei se huurpag aan die Vlaktevleiers te gee √ en om ook die mineraalregte weg te gee. √ | | 2 |
| 7.11 | Ja, want hulle gaan die infrastruktuur van die dorp verbeter √ baie mense gaan werk by die granietmyn kry. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui of hy/sy saamstem.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n nee-antwoord aanbied nie.* | | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.12 | Mensekenner √<br><br>Mario se gemoedstoestand is een van bewondering teenoor Leendra s'n van haat/woede. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui hoe BEIDE se gemoedstoestand is vir EEN punt.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 8: OPSTELVRAAG

***MY JAPAN*** **– Schalk Schoombee**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:
- **Dis ŉ breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

**Die eerste droomstruktuur kom in die vorm van ŉ nagmerrie voor:**
- want die leser/kyker word aan die onaangename gebeure van Danie se verdrinking voorgestel.
- Ma se opname in die senukliniek is nie ŉ aangename ondervinding vir Ilse nie.

**Om van Danie se verdrinking te vergeet, ontvlug Ilse na haar Japan wat haar ŉ buitestaander maak:**
- omdat die ander leerders nie haar fassinasie met Japan verstaan nie.
- omdat sy haar onttrek van die ander leerders sien hulle haar nie as deel van hulle groep nie.

**Ilse se lewensdroom is om in Japan te gaan skoolhou:**
- maar dit maak haar ook ŉ buitestander omdat die ander leerders nie kan verstaan waarom sy die land wil verlaat en ander kulture gaan verken nie.

**Ilse skep ŉ nuwe wêreld:**
- want dit is ŉ plek waar drome waar word.
- want in haar Japan het sy die volmaakte gesin: ŉ onderdanige Ma en ŉ rustige en tradisievaste Pa.
- waar die verlede nie bestaan nie, want sy het nie ŉ broer nie.

**In Ilse se droomwêreld sien sy haar ma as die monster, Futakuchi-onna:**
- want sy is ŉ vrou met twee persoonlikhede.
- want sy verteenwoordige die goeie en die bose.
- want sy karakteriseer Mercia as iemand wat te veel praat en niemand kans gee om iets te sê nie.

**Elzette se selfvernietiging speel in ŉ droom af:**
- omdat niemand enigsins reaksie toon wanneer sy haarself met die lemmetjie sny dat die bloed loop, maar in drome is dit wel moontlik.
- en juis as gevolg hiervan stoot die groep haar eenkant.
- maar omdat niemand verstaan waarom sy dit doen nie, stoot hulle haar uit die groep.

**Wanneer ma na Danie soek, gaan die nagmerrie/droom voort:**
- maar net in die vorm van ŉ ou Japanese spookstorie van Okiku en Tessan.
- Okiku se selfdood loop parallel met Danie se verdrinking.
- Tessan se vooroor val en die toe druk van sy ore, doen Ma ook om haar emosionele val/gebrokenheid voor te stel.

**Ma ervaar ŉ nagmerrie ondervinding:**
- want sy word opgeneem in Grootvlei na haar senu-ineenstorting as gevolg van Danie se dood.
- so ook Elzette want geen van die leerders het simpatie met haar opname in Grootvlei nie en dit maak haar nou nog meer ŉ buitestander.

**Die vergestalting van die tsoenami in Japan word ook in droomvorm weergegee:**
- want dit is die akteurs wat met byklanke en figure, wat heen en weer hardloop en klere wat op die verhoog lê, dit voorstel.
- en die emosionele belewing hiervan word deur Jun en Marioka San – wat ook nie ware karakters is nie – uitgebeeld.
- want ma se soeke na Danie word gelykgestel aan die oorlewendes van die tsoenami se soeke na hulle geliefdes.

**Die terugflits na Engela en die tsoenami is ook ŉ droombeeld:**
- want die tsoenami het reeds in 2011 plaasgevind en sy herroep nou net die herinneringe.

**Die droomwêreld word afgesluit:**
- want Ilse maak vrede met haar situasie en kom tot die gevolgtrekking dat sy lief is vir haar land.

Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. **[25]**

**OF**

**VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| 9.1 | 9.1.1 | Dit is waar, want Ilse verplaas haar na haar plek "Japan". √ | 1 |
| | 9.1.2 | Tradisionele Japannese musiek word gespeel. √ | 1 |
| | 9.1.3 | Ilse hou haarself verantwoordelik vir Danie se dood. / Sy het skuldgevoelens oor Danie se dood.<br>Ilse se ma plaas te veel druk op haar in die werklike wêreld. / Sy probeer van haar ma ontsnap.<br>Ilse soek iemand wat haar kan liefhê. / 'n plek waar sy verstaan kan word. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | | |
| 9.2 | Die titel van die drama is *My Japan* en hier word daar na Japan in die drama verwys. √<br><br>*Die kandidaat moet na die TITEL en die TEKS verwys.* | | 1 |
| 9.3 | Alhoewel sy Japan wil besoek, is sy lief vir haar eie land.<br>Haar pa woon in Australië en sy kan niks daaraan doen nie.<br>Sy besef ma Mercia probeer haar bes om haar te ondersteun.<br>Marioka San en Jun is net haar verbeeldingsouers. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 9.4 | Nee, die dorp Japan is 'n baie digbevolkte land. / Dis onwaarskynlik dat daar so 'n klein dorpie sal wees. / Die werklike Naka se bevolking is baie groter. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui of dit realisties is.*<br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord aan vir EEN punt.* | | 1 |
| 9.5 | Neweteks / Toneelaanwysings √<br><br>Dit dui aan dat haar ma haar pla / haar onderbreek / sy geïrriteerd is √<br><br>*Die kandidaat moet die funksie van toepassing maak op reël 29.* | | 1<br><br>1 |
| 9.6 | In **Japan** is daar 'n rustige/vreedsame/ontspanne atmosfeer. / Atmosfeer waarin eerbied / respek betoon word. √<br><br>In die **werklikheid** heers daar 'n gespanne atmosfeer √<br><br>*Die kandidaat se stemming moet die kontras aandui.* | | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Ilse kom tot die gevolgtrekking dat sy nie verantwoordelik vir haar broer / Danie se dood was nie. √ | | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| | | |
|---|---|---|
| 9.8 | Albei voel skuldig oor Danie se dood, maar is nie bereid om daaroor te praat/mekaar te vergewe nie. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die konflik aandui*.<br><br>Ma wil hê Ilse moet opstaan, maar sy wil nie opstaan nie./<br>Ma wil hê Ilse moet haar help, maar Ilse wil nie help met kosmaak (hoender) nie. /<br>Ma wil hê Ilse moet haar hande uit haar moue steek, maar Ilse is lui.<br>Ma druk Ilse om te presteer, maar al wat Ilse wil doen, is om Japan toe te gaan./<br>Ma skryf vir Ilse 'n toespraak oor aardverwarming, maar Ilse wil haar eie toespraak oor Japan skryf. √√<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE kante van die konflik aandui vir EEN punt.*<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt ELK aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.9 | Ilse kom tot die besef dat sy nie verantwoordelik vir Danie se dood was nie. √<br><br>Ja, want Ma het Ilse aanvanklik kwalik geneem vir Danie se dood wat bygedra het tot Ilse se innerlike stryd. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui of dit regverdig is, al dan nie*. | 1<br><br>1 |
| 9.10 | Ma is materialisties / 'n werkesel. √<br><br>Di*e kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan*. | 1 |
| 9.11 | Ja, want hulle het mekaar vergewe. √<br><br>*Die kandidaat moet aandui of dit geregverdig is, al dan nie.*<br><br>Ja, want hulle kan nou met mekaar praat oor hul probleme. √<br>Hulle kan aandag gee aan mekaar se behoeftes. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n nee-antwoord gee nie.*<br>*Die kandidaat moet aandui of die handeling 'n invloed het.* | 1<br><br><br><br>1<br>1 |
| 9.12 | In TEKS C is Ilse geïrriteerd as haar ma met haar praat – "gesteurd" / sy dink aan ander dinge terwyl haar ma met haar praat. √<br><br>En in TEKS D is Ilse sarkasties met haar ma / haar ma weet nie eintlik wat in haar lewe aangaan nie – "Ek speel lankal nie meer Sims nie, Ma." √ | 1<br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0 – 1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en same hang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–5** | **0–3** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**15 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br><br>Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br><br>Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br><br>Uitstekende begrip van die teks en genre | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br><br>Respons redelik gedetailleerd<br><br>Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br><br>Begrip van teks en genre duidelik | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br><br>Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br><br>Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br><br>Basiese begrip van teks en genre | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br><br>Min punte wat die onderwerp ondersteun<br><br>Baie min relevante argumente<br><br>Weinig begrip van teks en genre | Geen begrip van die onderwerp nie<br><br>Swak poging om die vraag te beantwoord<br><br>Argumente oortuig nie<br><br>Leerder het nie die teks/ genre onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**10 PUNTE** | Samehangende struktuur<br><br>Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br><br>Uitstekende inleiding en slot<br><br>Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Duidelike struktuur<br><br>Logiese vloei van argument<br><br>Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br><br>Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele bewyse van struktuur<br><br>Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br><br>Paragrafering meestal korrek<br><br>Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Struktuur toon tekens van swak beplanning<br><br>Argumente nie logies gerangskik nie<br><br>Paragrafering foutief<br><br>Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br><br>Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br><br>Paragrafering foutief<br><br>Styl en toon nie geskik nie |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou